



Goeie Nuus Good News

NOU REEDS 26 JAAR OUD!

GRATIS
Oktōber
2024

**AANLYN-UITGAWE
ONLINE EDITION**

Posbus 1957
Potchefstroom 2520
Tel: (018) 293 1996
www.goodnewsmessage.co.za
Goeie Nuus Koerant -
Good News Newspaper



Closer Than You Think

In one unsuspecting moment, everything can change. A relationship can shatter, a dream can suddenly end. Your heart can break for a thousand different reasons: grief, rejection, loneliness, uncertainty, tragedy, betrayal.

When something terrible happens and the world makes zero sense... Then we can be encouraged by this beautiful Scripture: "The Lord is close to the broken-hearted; He rescues those whose spirits are crushed" (Psalm 34:18 NLT).

David, the writer of Psalm 34, preached what he lived. He experienced some intense highs and fierce lows, but he recognised God's Presence in the midst of his circumstances. He knew that God was near, and God

could change any situation in an instant.

Is your heart broken? Is your spirit crushed?

God is near.
He hasn't left you to fight for yourself.
He sees you in your heartbreak.
He meets you where you are.
He has not forgotten you.
He has not abandoned you.

This doesn't mean you won't face hard things. In Jesus' words, "*In this world we will have trouble.*" But even when your mind races and your heart doubts, God offers a peace and an intimacy that cannot be fully explained. Jesus has overcome the world, and so can we!

Because of Jesus' death and

resurrection, we now have constant access to God's Presence through His Holy Spirit. There are many places in the Bible where the Holy Spirit is described as the Comforter - ready to soothe, guide, counsel, and encourage. He wants to comfort you in your grief and pain, if you let Him.

The comfort we receive from God is a gift from His Spirit Who is always with us. He speaks softly to our hearts. He indeed heals the broken-hearted. So if your heart is breaking and your spirit is crushed, know that you are in good Hands. God is near, and He will not abandon you.

When we are weak, He is strong in us. When we are hopeless, He provides hope and direction. When we are confused, He provides clarity. When we are

lonely, He surrounds us with His love.

Today, take a few moments to name anything that has crushed your spirit. Then, give yourself permission to just sit in God's Presence for a few moments. When you're ready, consider memorising Ps. 34:18 and meditate on it throughout your day.

Prayer: Father God, You are always near, whether it feels like it or not. But today I am inviting You to come close to me. Show me how close You are. Here are my burdens - please take them. I am tired of pretending I can carry them. Remove my fears and replace any heaviness in my life with Your relentless love. Come close to me as I come close to You. In Jesus' Name. Amen.

-Adapted from YouVersion

Ek Sal Jou Dra...

Wanneer jy voel dat jou krag swak is
Wanneer die gewig en onsekerheid van die lewe jou omring
Onthou dat Ek jou Herder is.

Ek is die Een wat jou beter ken as enige iemand anders
Wat na jou diepste fluisteringe luister en jou verborge stryd sien.
In daardie oomblikke van swakheid is Ek aan jou sy en Ek hou jou met
My ferm Hand vas.

My liefde vir jou vervaag nie, maak nie saak hoe moeilik die pad is nie.
Soos 'n herder vir sy skape sorg, sorg Ek vir jou - met 'n liefde wat
konstant, getrou is en nooit faal nie. Dit maak nie saak hoeveel keer jy
val of hoeveel keer jy verlore voel nie

Ek sal jou altyd optel, op My skouers dra en jou na 'n veilige plek lei.
Vertrou dat jy in My arms skuiling, krag en rus sal vind. Ek sal jou nooit
verlaat nie, My kosbare kind!
- Oorgeneem



In die Vallei van Doodskaduwee

"In the Valley He Restores My Soul"

My Liefeling, dit is nou weer lente hier by ons. Die "Barberton daisies" waarvoor jy so lief was, staan in volle blom, meer blomme as ooit tevore. Ook die liggeel lelies wat ons van jou broer se plot gekry het, en wat jy gekoester het. Ja, dit is weer lente! 'n Nuwe seisoen het weer aangebreek. Ook vir ons in ons geestelike lewe. Jy het ons verlaat met die aanbreek van die winter. Maar die lente is weer in ons lewens in volle blom, al is die verlange en die gemis nog steeds intens.

Hoe sal ons dan ooit vir God kan verwyt of vir Hom kwaad kan wees dat Hy jou weggenem het? Jy bestaan nou in volmaaktheid, maar ons wat agterbly, leef en bestaan voort in 'n stukkende wêreld en ons is ook nog gebroke. Onvolmaak. Onvoltooid. En juis daarom is ons harte nog seer, hier in 'n onvoltooide, vervalle en sondedeurdrenkte wêreld. Alles is mos stukkend hier. Alle mense is stukkend, die skepping is stukkend en ons, vol hartseer en pyn. Telkemale voel ek nog ek kan nie kop bo water hou nie. Maar dan kom nogeens Sy sagte influistering in my: "Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met My reddende Regterhand..." En Paulus se woorde: "Sodat ek Hom kan ken, en die krag van Sy opstanding..." En dan gaan ons weer aan. Elke dag opnuut. Want God is getrou. Hy laat vaar nooit die werke van Sy hande nie. En weer eens, my beker loop oor! Ten spyte van my vallei van doodskaduwee wat ek nou beleef.

Dawid skryf in Psalm 23 oor die dal van doodskaduwee en hoe die Goeie Herder hom oppas: "Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie..." In die vallei kom die aanslae van die vyand wat my wil vernietig, maar in die vallei kom ook God se ingrype in my lewe om my te herstel met Sy liefde vir my. Die dal van doodskaduwee word ook 'n dal van intense versoeking om teen God te sondig. Om teen Hom in opstand te kom, Hom te bevraagteken.

Ek het die "dal van doodskaduwee" al verskeie kere beleef. Aan die begin van my/ons pastorale bediening leef ons in die geloof met net ons roeping "om te gaan" om voltyds vir God te werk. Ons is jonk en pasgetroud, en het al ons sekuriteite prysgegee. My vrou het by my aangesluit, gereed vir wat ook al vir ons voorlê. Ons werk tussenkerklik met alle mense wat in nood verkeer. Geen geld nie. Geen kos nie. Ek verstaan nie, maar bely hardop: "Ek sal my God nie verloën nie." Herhaaldelik! Seker dosyne kere,

sodat Satan dit ook kan hoor! Want wie kan sonder kos en water lewe? Ek was in die dal van doodskaduwee! Maar uitkoms het gekom! Keer op keer het selfs vreemdes 'n mandjie kos gebring. Of 'n skaapboud uit die Gamtoosvallei. Vrugte. Groente.

Regdeur was ons lewe het ons 'n pad van geloof gestap. Valleie van doodskaduwee was daar baie. Somtyds was daar geld en voorsiening, somtyds nie. Ons beleef die Woord. Ons volg Jesus! Hy het gesê: "Ek is die Goeie Herder" en, "My skape luister na My Stem, Ek ken hulle, en hulle volg My." So, Hy ken ons, en ons volg Hom. Letterlik en figuurlik, met alles wat ons is en het. Maar Jesus sê: "Wee die wêreld weens die struikelblokke! Want dit is noodsaaklik dat daar struikelblokke kom, maar wee die mens deur wie die struikelblok kom" (Matt.18:7). A Faithful Version (so ook ander vertalings) lees: "Then He said to the disciples, 'It is impossible that no offenses will come, but woe to the one by whom they come!'" Dit is onafwendbaar. In die wêreld sal ons verdrukkinge hê, waar Satan ons sal versoek om te sondig deur ongelowige, sondige uitsprake te maak, soos om teen God in opstand te kom soos wat die Satan self gedoen het.

So is dit ook wanneer jy kom in die doodvallei waar Jesus gekom het. Ons loop in Sy voetspore. Die Heilige Gees is ons Helper. Die struikelblok het ook vir Jesus gekom, toe Petrus vir Hom wil vermaan om nie na die kruis te gaan nie: "Maar Hy het omgedraai en vir Petrus gesê: Gaan weg agter My, Satan! (Nie jy, Petrus, nie). Jy is vir My 'n struikelblok, omdat jy nie die dinge van God bedink nie, maar die dinge van die mense" (Matt. 16:23). Dit beteken Petrus het hom deur Satan laat verlei om Jesus aan te spreek!


Die liederdigter, Dottie Rambo, skryf:

In The Valley He Restores My Soul

When I'm low in spirit
I cry, 'Lord, lift me up!
I want to go higher with Thee.'
But the Lord knows I can't live
on the mountain.
So He picked out a valley for me.

He leads me beside still waters
somewhere in the valley below
He draws me aside
to be tested and tried
but in the valley
He restores my soul.

It's dark as a dungeon
and the sun seldom shines
and I question,
"Lord why must this be?"
But He tells me there's strength



in my sorrow
and there's vict'ry in trials for me

He leads me beside still waters
somewhere in the valley below
He draws me aside
to be tested and tried
but in the valley
He restores my soul.

In Ps. 23:3 lees ons: "Hy verklik (Hebreeus = shoob) my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om Sy Naam ontwil." Die American Standard Version lees: "He restores my soul: He guideth me in the paths of righteousness for His Name's sake". 'Restores' is binne konteks 'n goede vertaling uit Hebreeus wat die betekenis inhoud van herstel tot die vorige kondisie. En dit is wat die rus van God bring. Dit is 'n geestelike en emosionele verkwikkning van die innerlike mens. Jesus sê vir Sy dissipels: "Kom 'n bietjie eenkant en rus 'n bietjie." En wanneer ons ons laste vir Hom gee, neem Hy dit, en ons gaan Sy rus binne (Matt. 11:28-30).

In die doodvallei word ons ook "tot die dood toe" getoets, sonder om die fisiese dood in te gaan, maar wel die dood van die "ek" in my. Job sê: "Want Hy weet hoe my wandel is; as Hy my toets, sal ek soos goud te voorskyn kom" (Job. 23:10). Daar vind as't ware 'n nuwe geboorte plaas. God maak alles nuut. God maak iets nuuts.

In Jes. 43:19 staan geskryf: "Kyk, Ek gaan iets nuuts maak; nou sal dit uitspruit; sal julle dit nie merk nie? Ja, Ek maak 'n pad in die woestyn, riviere in die wildernis." Aan die bannelinge van Israel het God 'n boodskap gehad, wat elke mens in nood, 'n "banneling", op homself kan toepas in sy eie omstandighede: "Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n hoopvolle toekoms te gee. Dan sal julle My aanroep en heengaan en tot My bid, en Ek sal na julle luister" (Jer. 29:12). En verder: "En julle sal My

soek en vind as julle na My vra met julle hele hart" (Jer. 29:13). In die vallei gebeur die wonderwerke van God in my en met my. Hy maak my nuut!

Ek verlang so na my geliefde, en mis haar insette op my lewe van samesyn, haar vingerafdrukke op my. Want van beide kante het ons vingerafdrukke op mekaar gelaat, vir 47 jaar, wat onuitwisbaar is. En nou is ek alleen. Sy is weg. Maar ek berus daarby, want die Here het vir my gesê, sy het haar roeping voltooi. Ons was beide gewillig om NIKS te word nie. Elkeen met 'n belowende beroep voor ons, tot nikswes verminder. Om verkleineer te word, verneder te word, verag te word, meestal sonder die sekuriteit van 'n salaris of inkomste vir ons bediening, om smarte te ly ter wille van die roeping.

God sê vir my, "Ek het toegelaat dat jy altyd klein moet wees, anders sou jy nie die werk kon doen wat jy nou doen nie." Nie almal hoef klein te wees nie. Ander kan weer verhef word tot 'n groot naam of wêreldroem. God werk met elkeen op 'n ander manier. Baie se roem en verheffing kom eers na hulle dood.

Daarom, bly net nederig aan die voete van die Here, hoor Sy stem in jou lewe, bring jou offer van selfoorgawe en gehoorsaamheid aan Sy Stem, en voltooi jou roeping met Sy ondersteuning, in die krag van die Heilige Gees. Werk getrou vir Hom! Ten spyte van jou vallei van doodskaduwee en verdrukking. Hy bly getrou en dra jou deur. Jakobus sê: "Dis nie meer lank nie, dan kom die Here." En Johannes roep uit aan die einde van die boek Openbaring: "Kom, Here Jesus, kom gou!"

Laat ons dan hoopvol opkyk, vashou aan ons allerkosbaarste geloof, en ons aan die Goeie Herder toevertrou - nou en vir ewig!

©Dr JJ Venter

Jou Daagliksse Brood

"Jesus sê vir hulle: 'Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger word nie; en wie op My vertrou, sal nooit meer dors kry nie.'" (Johannes 6:35 NVL).

Na die Tweede Wêreldoorlog was Europa verwoes en orals was daar honger en hawelose kinders wat wees deur die gevegte gelaat is. Hulle is in groot kampe geplaas waar hulle kos en sorg ontvang het. Tog het hulle nie rustig in die aande geslaap nie; hulle was senuweeagtig, angsbevange en woelig.

Die versorgers kon dit nie ver-

staan nie, totdat 'n sielkundige voorgestel het om elke aand vir elke kind 'n stukkie brood aan te bied, nie om te eet nie, maar om in die bed vas te hou. Die uitkoms was verstommend!

Die kinders het deur die nag begin slaap, omdat hulle besef het dat hulle nie die volgende dag honger sou ly nie. Deur die brood vas te hou, het hulle 'n gevoel van beskerming (hulle is veilig), belangrikheid (iemand gee vir hulle om), en geluk (daar sal mōre brood wees), ervaar.

Die kinders het hierdie drie dinge nodig gehad - en jy het dit ook

nodig. Al drie kan in 'n verhouding met Jesus gevind word. Toe Hy gesê het: "...Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger word nie..." het Hy bedoel: "Ek is vir jou siel wat kos vir jou liggaam is."

Brood is een van die dinge wat die meeste van ons in gemeen het. Dit behoort nie net aan 'n spesifieke streek of nasie nie. Dis in alle vorms en groottes beskikbaar. In Engeland mag dit dalk botterbroodjies wees; in Suid-Amerika, tortillas; in New York, bagels; en in Ethiopië, injera.

Deur middel van 'n eenvoudige




stelling het Jesus ons daaraan herinner dat Hy ons voedingskrag orals en elke keer is. Maak dus seker om jou Bybel elke dag te lees; dis jou daagliksse brood.

- Bob & Debby Gass

BOLELANG BATHO KA JESU!

(TELL THE PEOPLE ABOUT JESUS!)



DITEMANA

Matheo 28:18-20. "Jesu a tla kwa go bone, a bua nabo a re: 'Thata yotlhe ke e neilwe kwa legodimong le mo lefatsheng. Ka moo he, yaang lo dire merafe yotlhe barutwa, lo ba kolobetse mo leineng la Rara le la Morwa le la Mowa o o Boitshepo, lo ba rute go tlhokomela tsotlhe tse ke di lo laetseng. Mme itseng, nna ke na le Iona ka malatsi otlhe go ya bokhutlong jwa lefatshe.'"

Ditiro 1:8. "Mme lo tla bona nonofo ya Mowa o o Boitshepo, motlheng o tleng mo go Iona; lo tla nna basupi ba me mo Jerusalema le mo Jutea yotlhe le mo Samaria le go ya kwa bokhutlong jwa lefatshe."

DIKAKANYO

A Bakeresete botlhe ba tshwanetse go nna le seabe mo go phatlalatseng Efangele ya ga Jesu Keresete, a ga se tiro ya Moruti fela? Mabapi le potso ya gore a Bakeresete botlhe ba tshwanetse go nna le seabe mo go phatlalatseng Efangedi ya ga

Jesu Keresete.

Batho ba bantsi ba akanya gore ke tiro ya baruti fela. Nyaa ke tiro ya modumedi mongwe le mongwe. O ka timana jang ka tumelo? Fa wena o itse gore Efangedi e tlisa bophelo jo bo sa khutleng o ka timana jang ka seo?

Ke fela jaaka fa o tshwere melemo e e ka foidisang mongwe kankere me o sa mmolelele mme o sa mo fe. Go na le dithuto tse di farologaneng tsa Beibele le tlhaloso ya tsone. A re lebelele dintlha tsa botlhokwa tse di ka elwang tlhoko:

Motheo wa Baebele:

- Taelo e kgolo: Mo go Matheo 28:19-20, Jesu o laela balatedi ba gagwe gore tsamayang lo dire batho ba merafe yotlhe barutwa. Taelo eno gantsi e tlhalosiwa e le pitsô gore Bakeresete botlhe ba ikatise mo go rereng le go dira barutwa, go supa gore go phatlalatseng Efangedi ke karolo ya botlhokwa ya botshelo jwa Bakeresete.

- Kabelo ya Kereke: Kereke e le mmele e na le boikarabelo jwa go abelana ka Efangedi. Le fa karolo ya mongwe le mongwe e ka farologana, tirisano ya setlhophah e gatelelwa mo tirong ya go diragatsa seabe se. Mophutego mongwe le mongwe o na le neo e nngwe le bokgoni bo bongwe. Re tsamaya mafelo a a farologanang. Bolelela kwa o tsamayang teng! Ditsela tse di farologaneng tsa go rera Efangedi

- Mekgwa e e farologaneng: Go phatlalatsa Efangedi ga go reye fela go rera semmuso kgotsa thomo e kgolo. Go ka akaretsa dikamano tsa bopelontle, ditiro tsa kutlwelobotlhoko, le go phela botshelo jo bo bontshang dithuto tsa ga Keresete. Mokeresete mongwe le mongwe a ka abelana tumelo ya gagwe ka ditsela tse di tshwanetseng dinonofole maemo a gagwe. Bontsha lerato la Jesu kwa o tsamayang teng.

- Tirisano le Setshaba: Bakeresete ba le bantsi ba tsaya karolo mo go rereng Efangedi ka ditiro tsa setshaba, go ruta, go thusa, go etelela pele. Morongwa mongwe o kile a re: "Re tshwanetse go rera Efangedi nako jotlhe mme nako e nngwe re tshwanetse go dirisa Beibele. Ga o rere Efangedi fela ka bua le go buisa Beibele. O rera ka mmele le ka tsamao le ka maitseo a gago. Seno se bontsha gore go tsaya karolo go ka tsaya mefuta e mentsi.

- Thuso ya Moya o o Boitshepo: Ditiro 1:8 di gatelela gore badumedi ba amogela maatla go tswa



Johan Zerwick
Sêle ke 083 458 3837

mo Moya o o Boitshepo go nna basupi. Thuso eno e supa gore Bakeresete ba a gokelelwa go abelana tumelo ya bone, mme gape e lemoga gore ga se mongwe le mongwe yo o tla dirang jalo ka tsela e e tshwanang kgotsa ka selekanyo se le sengwe.

Kakaretso Mo kakaretsong, le fa Bakeresete botlhe ba siame go tsaya karolo mo go phatlalatseng Efangedi, ditsela le selekanyo sa seabe di ka farologana thata. Taelo e kgolo e eme e le taelo ya motheo go badumedi botlhe, e ba rotloetsa go tsaya karolo mo go rereng go ya ka bokgoni le maemo a bone.

THAPELO

Rara wa rona wa kwa Legodimong, re neye maatla gore re nne barutwa ba ba ikanyegang, gore re abelane lorato le boammaaruri jwa gago ka bopelokgale, gore re diragatse Taelo e Kgolo mmogo. Amen.

Die Gesprek by die Put

Ons lees in Johannes 4 die kosbare verhaal van die vrou by die put. Sy was soekend en dorstig, en Jesus het in Sy liefde na haar uitgereik met 'n aanbod van gratis lewende water. Jesus het vanaf Judea na Galilea gereis en "Hy moes deur Samaria gaan" (v. 4). Deur die Gees geleid, het Hy op 'n Samaritaanse vrou in nood gefokus, en sy het die sleutel geword om 'n groot skare van haar volksgenote met die Evangelie te bereik.

Dit was op die middag en Jesus was moeg van Sy reis, daarom het Hy by 'n put gaan sit (v. 6). Dit was egter die put van Jakob by die dorpie Sigar in Samaria waar hierdie verhaal hom afspeel. Dit is betekenisvol, omdat Jakob die gemeenskaplike voorvader van die Jode en die Samaritane is. Maar in pleks daarvan dat dit samehorigheid bring het, was daar verdeeldheid tussen hierdie twee groepe.

AGTERGROND

RC Sproul herinner ons daaraan dat die Assiriëse ballingskap, waartydens die noordelike koninkryk van Israel weggevoer is, in 722 v.C. plaasgevind het. Dit was weens hulle aanbidding van afgode ten spyte van vele profetiese waarskuwings. Nie almal is egter weggevoer nie, en die wat agtergebleef het, het met die plaaslike bevolking (afgodedieners), wat deur die Assiriërs daarheen gebring is (2 Kon. 17), vermeng. Voorts het baie Jode vanuit Judea na Samaria getrek tydens die Intertestamentêre tydperk om sodoende die Griekse kulturele invloed te probeer ontwyk. Daar het vyandskap ontstaan tussen die Jode en die Samaritane, gegee die feit dat die Samaritane ondertrouw het, slegs die Pentateug (die eerste vyf boeke van die Bybel) as geïnspireerde Skrif aanvaar het, en dat hulle op die Berg Gerisim aanbid het in plaas van op die berg Sion in Jerusalem. Laasgenoemde is as kettery (valse godsdiens) deur die Jode beskou, en vice versa. Die Samaritane het Nehemia se pogings om die tempel te bou, teëgestaan (Neh. 6:1-14), en dit was die begin van 'n eeu-lange, bitter vete. Die Jode het die Samaritane dus verag as gevolg van hul gemengde bloedlyn en verwronge godsdiens en na hulle as "honde" verwys (vgl. Matt. 15:26), waar Jesus ook vir die Kananéese vroue sê, "Dit is nie mooi om die brood van die kinders te neem en dit vir die hondjies te gooi nie" toe sy Hom gesmeek het om haar dogter te bevry van die Bose).

Bogenoemde agtergrond verklaar

die revolusionêre aard van Jesus se gelykenis van die Barmhartige Samaritaan (Luk. 10:29-37): ten spyte van die feit dat Jode en Samaritane geen gemeenskap met mekaar gehou het nie en mekaar verag en vermy het, het hierdie Samaritaan die kulturele taboes verbreek en na 'n Jood in nood uitgereik, terwyl sy eie volksgenote dit nie gedoen het nie, omdat dit hulle dalk onrein vir die tempeldiens sou maak. Die Samaritaan se deernis het die tradisie van mense verbreek. Bestaande verklaar ook hoekom baie Jode uit hul pad gegaan het om Samaria te vermy (hulle het letterlik óm hierdie landstreek gereis, al het dit hulle reis baie langer gemaak) wanneer hulle vanaf die suide na Jerusalem gereis het, tipies om te gaan aanbid by die tempel, omdat hulle Samaria as onrein beskou het. En laastens verklaar dit hoekom die Samaritaanse vrou asook Jesus se dissipels so verbaas was toe hulle sien dat 'n Jood met 'n Samaritaan, en 'n man met 'n vrou, in gesprek was – beide hierdie sake was kultureel onaanvaarbaar. Gelukkig ag Jesus die kosbare siel van 'n verlorene hoér as die tradisie van mense, en ons behoort dieselfde moed aan die dag te lê, sou so 'n geleentheid hom voordoen om die Goeie Nuus met 'n verwerplike te deel.

TWEE KERNGEDAGTES

Hoewel daar baie oor hierdie verhaal gesê kan word, wil ek dit graag ontleed aan die hand van twee kernmotiewe wat telkens voorkom. Ons sien hoe Jesus die vrou meesterlik maar ook met groot liefde, teerheid en geduld benader met twee waarhede: (i) Wie Hy is (Sy identiteit) en (ii) wat Hy vir haar kan / wil gee (die gratis gawe van die ewige lewe). Soos die verhaal hom afspeel, sien ons hoe Jesus die vrou lei op 'n ontdekkingstog om self die antwoorde op hierdie twee vrae te vind. Hy is die Messias en Hy het huis gekom het om die wêrelde van sonde en dood te bevry. Hy lei haar om te ontdek dat Hy die ewige lewe en 'n verhouding met God moontlik maak, want Hy is die Weg na die Vader (Joh. 14:6). Uiteindelik word hierdie twee sake onlosmaaklik een: die Messias is die Redder wat ons na Hom toe roep, en deur geloof in Hom word ons geestelike dors geles en verkry ons die ewige lewe.

Die gesprek begin waar Jesus vir die vrou water vra om te drink (Joh. 4:7). Wat 'n interessante en praktiese aanknopingspunt! Hy gebruik die plaaslike konteks van die put van Jakob en die motief van water as metafoor vir die ewige lewe wat Hy aan die vrou



bied. Die vrou is dadelik op haar hoede, maar Jesus gaan voort om die vrou se geestelike nood sagkens te ontbloot, sodat sy vrymaking kan kry: sy het lewende water nodig, en net Hy kan dit vir haar gee op grond van Sy identiteit as God se Gestuurde (v. 10).

Natuurlik val hierdie geestelike waarhede vreemd op vleeslike ore. Wie is hierdie vreemde Man, en van watter water praat Hy? Die vrou wys ongelowig uit dat Jesus nie eens 'n skepding het nie en die dat die put diep is (v. 11). Dit spreek die 'gawe' aan. So is ons logika baie keer in die pad van die Gees se openbarings. Daarna daag sy Sy identiteit uit: Hy is tog nie groter as hul vader Jakob nie? (v. 12).

Dit is interessant dat Jesus haar nie uitskel of teregwys nie, maar haar geduldig op haar ontdekkingstreis lei. Hy antwoord eers deur inligting te gee oor God se gawe: natuurlike water kan slegs tydelik iemand se dors les, maar Jesus se 'water'-redding en gemeenskap met die Gees - saltot in ewigheid die gelowige se geestelike dors les (v. 14; Joh. 7:37-39). Steeds ongelowig antwoord die vrou (spottend?) dat Hy dan vir haar hierdie wonderlike water moet gee, dan hoef sy nie meer moeitevol water op die hitte van die dag te kom skep nie. Sy is nog nie oortuig dat Hy die gawe vir haar kan gee nie, en sy verstaan ook nog nie die aard van hierdie besondere geestelike gawe of Wie Hy is nie.

Jesus verskuif die gesprek nou na Sy identiteit wanneer Hy haar aansê om haar man te gaan roep (Joh. 4:16). Hy ken natuurlik haar hartseer geskiedenis, en Hy

openbaar dit aan haar. Dadelik besef die vrou dat hierdie vreemde Man 'n profeet moet wees (v. 19) - hoe anders sou Hy hierdie dinge weet? Sy is al 'n stappie nader aan die ontdekking van Sy volle identiteit!

Aangevuur deur hierdie ontdekking dat Jesus 'n Godsman is, begin sy oor 'n godsdienstige twispunt gesels: waar moet 'n mens God aanbid - in Jerusalem soos die Jode glo, of op die berg Gerasim soos die Samaritane glo (v. 20)? Interessant genoeg is daar 'n gemeenskaplike skakel van afgodery ter sprake: nie net die Samaritane nie, maar ook Israel (die gespreksgenote se onderlinge voorsate) het afgodery beoefen, en Israel se verkeerde en verwronge, vleeslike aanbidding het veroorsaak dat hulle in ballingskap gegaan het. Die tema van aanbidding is dus baie relevant.

Hoe wonderlik bring Jesus die waarheid dat ware aanbidders God nie meer op 'n bepaalde plek hoef te aanbid nie. 'n Nuwe bedeling het met Sy bediening aangebreek: die "plek" of wyse waarop gelowiges Hom moet aanbid, is in Gees en in waarheid, omdat God Gees is (v. 23-24). Dit sluit aan by die geestelike water wat Jesus bied, wat ons in 'n intieme verhouding met die Vader bring - waar ons vrymoedigheid het om tot Hom te nader (vgl. Heb. 4:16). Die Gees kom ons swakhede te help en leer ons om te bid en te aanbid (Rom. 8:26).

Nadat Jesus haar vraag oor die aard van ware aanbidding van die God van Jakob so insigvol, duidelik asook gesaghebbend beant-

Vervolg op p. 5

Die Gesprek by die Put

Vervolg van p. 4

woord het, begin die vrou wonder of Jesus dalk die Messias of Christus, die Gestuurde en Gesalfde van God kon wees (v. 25). Ons sien hier hoe belangrik geestelike saad in enige mens se lewe is - daardie woorde van wysheid en waarheid wat gesaai is deur 'n ouer, grootouer, predikant, Sondagskoolonderwyser, vriende, of familielede. Die Gees kan enige positiewe waarhede of agtergrond gebruik en daarop voortbou totdat 'n persoon ten volle verlig is. Jesus bevestig dit in 'n latere vers, waar Hy praat van beide die saaier en die maaier wat loon sal ontvang, omdat elkeen 'n unieke bydrae gelewer het tot die geestelike oes van siele (v. 36-38).

Iemand het een keer geskryf dat daar baie skakels in die ketting is op die pad na iemand se oorgawe aan die Gees se Roepstem en gevolglike redding. Ons moet tevrede wees om een skakel te wees wat deur 'n woord of daad iemand nader kan bring aan

daardie punt, sonder om so 'n persoon te probeer forseer tot 'n besluit of oorgawe. 'n Klip breek na vele hamerhoue, maar elke hou bring die klip nader aan verbrokkeling. Ons moet tevrede wees om soms God se kanale van waarheid te wees sonder dat ons dadelik resultate sien.

Jesus bevestig dat die naamlose vrou uiteindelik verstaan het Wie Hy is: "Ek Is, is die Een wat met jou praat." (v. 26, DV). Soos baie ander kere in die boek Johannes, gebruik hierdie evangelieskrywer die frase "Ego eimi" - Ek is. Dit is 'n duidelike verwysing na Jesus se Godheid (Ex. 3:14)!

Na haar ontdekking van Wie Jesus is, het die vrou haar waterkan net daar laat staan en stad toe gegaan om die mense tot selfontdekking te roep. Dit is tekenend daarvan dat ons ons eie pogings en rituele moet versaak, omdat dit slegs God se genade is wat ons in 'n verhouding met Hom kan laat staan. Hy moet ons

prioriteit wees. Hom alleen moet ons aanbid. Hoe ironies dat Jesus huis die onwaarskynlike uitgeworpene (sy wat op die hitte van die dag kom water skep om sodoende veroordelende oë te vermy) gebruik het om die skares van Sigar te bereik. Hulle wat haar twyfelagtige geskiedenis geken het. Uiteindelik glo hulle op grond van Jesus se woord dat Hy die Verlosser van die wêreld is, nie meer op grond van die vrou s'n nie (v. 42). Hulle het ook tot die ontdekking gekom van Jesus se identiteit, en die gawe van ewige lewe wat Hy aan elkeen bied wat in Hom glo.

TOEPASSING

Ons sien dat Jesus gehoorsaam was toe die Gees Hom gelei het om deur Samaria te gaan - iets wat nie graag deur Jode van daardie tyd gedoen is nie. Ons sien ook dat Hy deur die Gees 'n gesprek, besprinkel met wysheid en kennis, kon voer wat die vrou se lewe verander het. Ons moet nederig leer om ook daagliks op

die Gees te steun en Hom na te volg in woord en daad. Ons moet Hom vra vir moed om met verworpenes kontak te sluit, omdat hulle Hom so nodig het. Hy kan ons die wysheid gee om iemand se agtergrond te verstaan en elemente daaruit te gebruik as aanknopingspunte om hulle na die waarheid te lei. Hy kan ons die deernis gee om iemand in hul nood te bedien, ten spyte van hul agtergrond en sonde (nie dat ons volmaak is nie, maar huis uit genade sondevergiffenis ontvang het, andersins was ons ook nog vasgevang in sonde).

Ons moet ook stilstaan by die geestelike waarhede dat God ware aanbidders soek wat Hom in Gees en in waarheid aanbid, en Hom dank vir die gawe van Sy Seun en van die ewige lewe, deur die kragtige werking van die Gees in ons lewens. Mag ons kanale van God se Gees wees wat hierdie lewende water aan elke dorstige bring!

© Christo Venter

LOVE'S HEALING RESTORATION

So often, when I read from the precious Word of God, I experience something of a sudden, breathless joy, an enlightening moment, even when the words are so familiar. Reading then often becomes a prayer.

How I love to pray Colossians 1:9-14! I make it personal as I pray Paul's prayer for the believers in Colosse: "I ask You, Father God, to give me complete knowledge of Your will and to give me spiritual wisdom and understanding. Then the way I live will always honour and please You, that my life will produce every kind of good fruit. All the while, I will grow as I learn to know You better and better. I also pray that I may be strengthened with all Your glorious power so I may have all the endurance and patience I need. May I be filled with joy, always thanking You, Father. You have enabled me to share in the inheritance that belongs to Your people who live in the light."

How the life-giving, restoring Word kindles worship to flow!

Paul explains it so beautifully in Galatians 5:22-23 (and The Message does a glorious job here):

"But what happens when we live God's way? He brings gifts into our lives, much the same way that fruit appears in an orchard - things like affection for others, exuberance about life, serenity. We develop a willingness to stick with things, a sense of compassion in the heart, a conviction that a basic holiness permeates things and people. We find ourselves involved in loyal commitments, not needing to force our way in life, able to marshal and direct our energies wisely."

Our Father longs to occupy our hearts and lives fully with divine, immeasurable love, a love able to do anything! As He spoke to Israel through Hosea, He speaks to you in these promises if we draw near to His heart: "Then I will heal you of your faithlessness; My love will know no bounds. I will be... like a refreshing dew from heaven. I am the One Who answers your prayers and cares for you. I am like a tree that is always green; all your fruit comes from Me" (Hosea 14:4-7).

May our hearts ever long for a closer walk with Him and remain in the nearness of His loving Presence!

- Helen du Plessis, 083 332 0895.

Making an Impact by Sharing What You Have



The majority of us lead quiet, unheralded lives as we pass through this world. There will most likely be no ticker-tape parades for us, no monuments created in our honour.

But that does not lessen our possible impact, for there are scores of people waiting for someone just like us to come along; people who will appreciate our compassion, our unique talents. Someone who will live a happier life merely because we took the time to share what we had to give.

Too often we underestimate the power of a touch, a smile, a kind word, a listening ear, an honest compliment, or the smallest act of caring, all of which have the potential to turn a life around.

It's overwhelming to consider the continuous opportunities there are to make our love felt!
- Leo Buscaglia

How Jesus Redeemed Peter

Jordan Wilbanks

The famous scene near the close of John's gospel is the kind from which one cannot look away. This leader among the disciples, this member of the inner circle of Jesus' ministry, had denied knowing Jesus three times at the critical moment of Jesus' arrest. John gives the accounts in chapter 18:15-18; 25-27:

Accuser 1: "You're not one of this man's disciples too, are you?"

"I am not."

Accuser 2: "You aren't?"

"I am not!"

Accuser 3: "Did I not see you in the orchard with Him?"

"Then Peter denied it again, and immediately a rooster crowed."

Luke 22:61-62 provides a chilling added detail, and its result: "Then the Lord turned and looked straight at Peter, and Peter remembered the word of the Lord, how He had said to him, 'Before a rooster crows today, you will deny Me three times.' And he went outside and wept bitterly" (NET).

PETER'S RESTORATION

The scene in John 21 is post-crucifixion and post-resurrection, but pre-ascension. Peter had by this point already run to the empty tomb with John, he had encountered the risen Lord and rejoiced, he had received the first commission, and he had received the Lord's promise of the Holy Spirit.

But this is the first recorded conversation we have where the proverbial elephant is in the room. Jesus is speaking with Peter, perhaps in front of everyone, or perhaps alone. One can imagine what Peter might have felt every time he looked into the eyes of the risen Saviour. Would he ever forget the moment of meeting the eyes of Jesus, bound for crucifixion, and looking right at Him as he had denied knowing him for a third time?

'He said I would do it, and I said I could never do it - then I did. Is that unforgivable?' Peter might have thought. Would Peter ever have the right to the ministry Jesus had first called him to? Even though the risen Jesus had commissioned and empowered them as a group (John 20:21-23),

what about him? What could he ever do to erase his failure at the most critical moment?

It is here that the Great Physician begins sanctifying surgery on Peter. For three denials, Jesus asks variations of the same healingly incisive question three times. For His Own sovereign reasons, Jesus calls Peter to confess his love for his Lord three times.

"Simon, son of John, do you love Me more than these do?"

"Yes, Lord, You know I love You."

"Feed My lambs."

"Simon, son of John, do you love Me?"

"Yes, Lord, you know I love you."

"Shepherd My sheep."

"Simon, son of John, do you love Me?"

"Lord, You know everything. You know that I love You."

"Feed My sheep."

Jesus then foretells Peter's death for his faith, and He repeats the initial call to him as Simon the fisherman: "Follow Me."

PETER'S FAILURES ARE UNDONE

